Veldyskas

Jy kan ‘n vierkantige of driehoekige yskas bou, afhangende van die hoeveelheid goedere wat verkoel moet word.

Benodighede:

1 Vir die vierkantige yskas 20 stokke / riete van ongeveer 500mm of 9 stokke / riete van ongeveer 600mm vir die driehoekige yskas.
2 Hekelgare of lyn
3 Koerantpapier
4 Gom
5 Gesnyde langgras
6 Baie water
7 Bak en jellie



Metode:

1 Bou onderskeidelik vyf of drie kant panele soos gesien in die sketse. Gebruik die kruisvaswoel om stokke / riete aan mekaar te heg. Riete werk baie goed. Deel die werk in die span en laat elke spanlid ‘n paneel bou of ten minste ‘n kruisvaswoel maak.
2 Trek nou elke paneel oor met baie koerantpapier. Gebruik gom om die papier te heg.
3 Vind ‘n geskikte plek in die koelte waar die yskas moet staan. Maak nou die verskillende panele aan mekaar vas. Onthou van ‘n deur!
4 Kamoefleer die yskas met lang gesnyde gras.
5 Gooi baie water oor die yskas sodat die koerantpapier sopnat word. Hou die yskas nat vir die tydperk van gebruik.

Demonstrasie:

1 Maak jellie in ‘n 5l of 2l roomysbak aan en laat oornag staan. Dan is daar nagereg vir die volgende dag. Dit werk elke keer.

JEFY